

TEKS 1**Die uitleef van swak smaak? Dit maak van ons 'n demokrasie!**

Beste Gareth Cliff

- 1 Jou opmerkings en vrae oor Afrikaanse mense se kultuur en musieksmaak in jou boek, *Gareth Cliff on Everything*, is lekker uitdagend én verrassend. Ek wens ons kon meer gesprekke in Suid-Afrika op dié manier aan die gang kry, en hoop jy sal hierdie brief in dieselfde trant ervaar.
- 2 Jy vra in jou boek: "Wat het met die trotse Afrikaanssprekendes gebeur?" en "Wat het geword van die kultuur wat C.J. Langenhoven in sy poësie vir ons gegee het, Eugène Marais se bitsige skryfstukke en Koos du Plessis se 'Kinders van die wind'?" Jy sal sekerlik erken dat jou effe skrapse navorsing (ek verstaan jy het by 'n enkele musiekwinkel ingeloer en na die CD's op die rakke gekyk) nie noodwendig antwoorde hierop sal verskaf nie, en ek bring jou graag op hoogte.
- 3 Daardie kultuur waarna jy verwys, leef voort. As trotse Afrikaanssprekende verlustig ek my deesdae in die letterkunde van veelbekroonde wêreldklas-romansiers en -digters soos (om net 'n paar te noem) Marlene van Niekerk, Etienne van Heerden, Ingrid Winterbach, André P. Brink, Antjie Krog, Breyten Breytenbach en Loftus Marais.
- 4 Op die musiekfront gaan dit ook klopdisselboom. Ek vind my vreugde en trots in lewende legendes soos Anton Goosen, David Kramer, Laurika Rauch, Coenie de Villiers en Theuns Jordaan, terwyl fenomenale jonger talent by die bestes internasionaal kan kers vashou. Gaan ervaar een van Emo Adams se konserte, Gareth. Dié man se talent is massief, multidimensioneel en inspirerend.
- 5 En jou navorsing sou dalk name soos Charlize Theron, Ernie Els en Pieter-Dirk Uys ook laat deurglip het. (Maar nou maak ek my skuldig aan spogtery, wat glad nie die bedoeling is nie.)
- 6 Kom ons gesels oor jou eintlike punt: dat baie Afrikaanse musiek kommersieel, middelmatig en oppervlakkig is – volgens jou " 'n klomp gemors". Laat ek dadelik beken: Jy's gedeeltelik reg. Maar nou moet jy dalk gaan sit en aan iets vashou, Gareth, want ek vermoed die volgende paar stellings kan dalk skok.
- 7 Daar's baie Engelse musiek wat net sulke absolute twak is. Ek het Saterdag doelbewus en met groot verwagting na 5FM se treffersparade geluister. Daar was maar 'n hele paar liedjies wat net so niksseggend, doef-doef en waardeloos was as die swakste in Afrikaans. Nie eens die taal van Shakespeare kon hulle red nie!
- 8 Plaaslik hoor en lees en sien ons (genadiglik) net die beste uit die buiteland. Maar het jy geweet daar word in Europa, Brittanje en Amerika hope gemors gepleeg in die naam van kuns – in die letterkunde, musiek én vir die silwerdoek en kykkassie? Meer nog: dat dié vrye uitleef van kreatiwiteit daar (hou vas, Gareth) aangemoedig, gewaardeer en gevier word. Dat hulle (skande, ek weet) glo 'n land en 'n taal is gesond as daar verskeidenheid is, iets vir almal, dat elke burger die reg en die verantwoordelikheid het om vir homself te besluit.
- 9 Feit is, daar was die afgelope dekade en 'n half 'n ontploffing van kreatiwiteit in elkeen van ons tale in ons land, Gareth. Jy sal byvoorbeeld verstom wees om te sien wat deesdae alles in die Soetste Taal gepubliseer (en vereer) word – van hogere letterkunde tot chicklit, wetenskapfiksie, liefdesromans, speur en spanning, jeug- en kinderboeke. Toegegee, nie alles is van gehalte nie, maar maak dit regtig saak?

10 Hiermee dan, ter afsluiting, 'n pleidooi: Kom ons vier die feit dat ons kreatiewe landskap al hoe meer begin lyk soos dié van ander gesonde demokrasieë. Kom ons ondersteun dié oplewing.

11 En kom ons los die mense uit, dat hulle luister wat hulle wil.

Met beste wense

Deon Meyer

[Aangepas vanaf: *Die Burger* (Web-argief), 29 Oktober 2011]
<http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2011/10/29/BJ/5/29OktDeonMeyer.html>

TEKS 2**By die gevrekte 2015 se doodsbed**

Deur Piet Matipa

- 1 2015, nou dat jy op jou doodsbed is, moet ek oor 'n paar dinge bieg. Dit is vir my moeilik; ek het gedink ek gaan jou saggies en ongeskend aan die dood oorhandig, maar die waarheid laat hom nie maklik muilband nie.
- 2 Die feit dat jy so uitgeteer, bewend en grootoog na my kyk, maak dinge 'n rapsie ongemaklik. Gee my jou hand. Daarsy.
- 3 Ná 2014 se tragiese dood het ek gedink daar is niemand wat haar kan vervang nie. Sy was so 'n lekker jaar, vol lewe en nuwe uitdagings. Sy het haar moeilikheid gehad, maar dit het ons vinnig uitgesorteer.
- 4 Toe kom jy. Iets nuuts en vars.
- 5 Eers het jy nogal my asem weggeslaan. Ek het dit sterk oorweeg om ietsie meer as vriendskap met jou aan te knoop. Dié gevoel is vinnig versmoor toe ek jou beter leer ken het.
- 6 Sê my net as ek jou hand te styf druk ...
- 7 Jy was nie wie ek gedink het jy is nie. Jy was, om die eerlike waarheid te sê, 'n baie vervelige jaar sonder 'n hoogtepunt of 'n laagtepunt. As jy ten minste 'n laagtepunt gehad het, het ek darem iets gehad om oor te praat. Jy was die trappe van vergelyking van eentonig. Jy was die intensiewe vorm van gevrek. As iemand my vra om jou in een woord te beskryf, is "ag" heel gepas.
- 8 My bedoeling is nie om jou gevoelens seer te maak nie. Ek dink daaraan as konstruktiewe terugvoer.
- 9 Ek is jammer ek moet die volgende doen, my liewe 2015: Lig gou jou kop, ek soek jou kussing. Dankie. Moenie skreeu nie, ek sal dit so pynloos moontlik probeer doen. Ek het nog nooit iemand met 'n kussing versmoor nie, maar die flieks laat dit maklik lyk. Ek hoop jy geniet die lewe hierna.
- 10 O, Dokter, ek weet nie wat aangaan nie, ek was nog besig om met 2015 te praat; toe maak die masjiene 'n geraas. Asseblief, sê vir my hy is nie dood nie.
- 11 Hy is nie ... wat bedoel jy hy leef nog? Wat bedoel dokter hy het nog 'n paar weke oor? Vervlaks, ag ek bedoel ... dis goeie nuus.

[Aangepas uit *Beeld*, 5 Desember 2015]

TEKS 3

**Naskoolse Studies**

Ons het 'n paar vlytige universiteit- en kollegestudente gevra watter raad hulle wens hulle kon kry toe hulle moes besluit wat en waar om te gaan studeer.

Deur Catrione Ross



Charles Fitzhenry (21), derdejaar BSc (Rekenaarwetenskap, Speletjie-ontwikkeling en Sakrekenaarwetenskap), Universiteit van Kaapstad.

Kies jou matriekvakke versigtig

"Nadat ek universiteitstoelating gekry het, het ek besef ek het my kursusmoontlikhede kwaai beperk. Ek sou graag Elektriese Ingenieurswese as 'n tweede hoofvak wou hê, maar omdat ek nie Fisiese Wetenskap op skool gehad het nie, was dit so uit soos 'n A vir *Ad-Maths*. As jy nie by jou voorkeurstelling inkom nie en graag daar wil studeer, kry jou bokshandskoene uit ... Ek wou met alle mag aan die UK studeer. Daar's altyd 'n uitweg, selfs al beteken dit dat jy eers by 'n ander instelling moet begin en later vir oorplasing by jou voorkeurkeuse aansoek doen."



Sicelo Mazibuko (24) het 'n nasionale diploma in Megatroniese Ingenieurswese; is tans eerstejaar in BTech (Ingenieurswese), Tshwane-Universiteit vir Tegnologie.

Doen skaduwerk

"Ek het op hoërskool besef Rekeningkunde is nie eintlik my ding nie. My punte vir Fisiese Wetenskap; Wiskunde; en Ingenieursgrafika en -ontwerp het gekook! Nadat ek besef het ingenieurswese is die ideale rigting vir my, het ek 'n universiteitsbrosjyre gekry wat my baie deurmekaar gemaak het oor watter spesifieke kursus om te volg. Ek het baie inligting op die internet gekry wat my op megatroniese ingenieurswese help besluit het. Wanneer jy in graad 9 is, gaan doen skaduwerk by groot maatskappye. BMW bied byvoorbeeld 'n fabriekstoer aan leerders waar hulle jou wys wat 'n ingenieur op 'n tipiese dag doen."



Candice Davies (21), derdejaar, Diploma in Openbare Betrekkinge, Varsity College, Midrand.

Wees oopkop

"Moenie dat mense jou breinspoel om te glo jy gaan nêrens sonder 'n BCom-graad kom nie. Daar's altyd 'n pad vorentoe en rondom alles. Vir die grootste deel van my graad 11- en 12-jaar was ek vasbeslote om 'n loopbaan in fotografie te volg. Ek het gedurig met my ouers daarvoor vasgesit. Op skool leer niemand jou eintlik van loopbane in kommunikasie en logistiek nie. My ouers het gevoel ek dink nie aan die groter prentjie nie. Een aand het my ma dus die wêreld van kommunikasie en al die aspekte daarvan aan my verduidelik. Dís hoe ek openbare betrekkinge ontdek het."

[Aangepas vanuit *Goeie Huishouding*, November 2014]

TEKS 4**demosthenes, die klipkouer, digby kalamata**

| | |
|--|----|
| die mooiste ure was wanneer ek alleen in ingekapte kerkies God kon uitsing in die eggo's teen die rots | 1 |
| maar tussen mense word my tong verstok as ek moet antwoord soek op vrae sodat die saamwees altyd aan my krap wanneer ek haggelrig met hulle bots. | 5 |
| ek wens dat ek myself kon toemaak in my kerkies en myself. | |
| tog is ek oorgelewer aan dié mensbestaan waar almal aldag op my tone trap. | 10 |
| nou loop ek soggens skuins voor dagbreek hier langs die skoon en vlakkerige see en luister hoe die branders oopvou op die strand. buk af en kyk hoe lyk die klippies op die sand. bly dae kyk na al die vorms en die kleure elkeen 'n wonderwerk en sáám 'n groter een in skynbaar sorgelose blink verband. | 15 |
| ek kies 'n paar en speel met hulle in my kies. voel hoe my tong geskaaf word en hoe my mond op sy beurt weer verder vorm gee aan elke klip. | 20 |
| 'n skip skiet uit die horison en sonder twee maal dink of iemand dit verstaan spoeg ek die klippies mosaïekfyn uit my mond. my groet is glad en koeëlrond. | 25 |
| die dag het soos 'n eerste dag rondom my oopgegaan. | |

[Fanie Olivier, *Skimmellig*, 1978]

TEKS 5**Herinnering**

| | |
|--|-----------------------------|
| As kind het 'k eens die maan se ronde skyf langsaam sien uitswel bo die silwer vlei om saggies soos 'n seepbel weg te dryf en tussen yl popliere in te gly. | 1 |
| Agter my in die donker was 'n raam vol lig en mensestemme en gelag en ín my angs en weekheid sonder naam terwyl ek op die maan se loskom wag. | 5 |
| Die res is alles duister en verward ... Van tak tot tak het hy gewieg ... ek weet nog net dat die gekneusde gras se geur soos naeltjies was en dat ek skielik seer- gekry het van die inkrimp van my hart en met my pols die trane weggeeë't. | 9 14 |

[Elizabeth Eybers, *Die vrou en ander verse*, 1945]**TEKS 6****Winter**

| | |
|---|--------------------|
| Nou lê die aarde nagtelang en week in die donker stil genade van die reën, en skemer huise en takke daeliks bleek deur die wit mistigheid en suising heen. | 1 |
| Dis alles ryk en rustig van die swaar geheime wasdom wat sy paaie vind deur warm aarde na elke skeut en blaar, en ver en naby alles duister bind in vog en vrugbaarheid en groot verlange; | 5 9 |
| tot ons 'n helder middag skielik sien die gras blink, en die jong graan teen die hange, en weet dat alle rus die lewe dien: hoe kon ek dink dat somer ryker is as hierdie groei se stil geheimenis? | 14 |

[N.P. van Wyk Louw, *Die halwe kring*, 1937]

TEKS 9

21 NOVEMBER 2013 | #858 R19 (R2,33 BTW INGESLUIT) ANDER LANDE R16,67 (SONDER BELASTING)

GROOTSTE TYDSKRIF IN SA/ huisgenoot.com

IS JY BY BREEKPUNT?
Keer so dat jou senuwees knak

DONNALEE SKEI VAN HAAR MAN

CARIEN WORD MEV. ZEEMAN
BLAPSIE TROU!

POENA-DRAMA
PA SKIET GLO KÊREL
Hoe beskerm jy jou kind teen verkeerde liefde?

TIM NOAKES
GEKAP OOR DIEET
TOG VERTEL MAN:
84 kg ligter en my diabetes is weg!

WEN VIR KERSFEES
Meer as R80 000 se geskenke!

SKINDERSTORIES
OOR HAAR EN IVAN
SAAM IN LAAN, NUWE FLIEK

MEER AS NET VRIENDE?

[Bron: <www.huisgenoot.com> – Voorblad: 21 November 2013]

TEKS 10

**STUIPE, GIF, VERSTIK: SO MAAK JY VOOR HULP KOM
BESTE RAAD: SO HOU JY INBREKERS UIT JOU HUIS**

GROOTSTE TYDSKRIF IN SA
16 JULIE 2015 | #944 R21,50 (R2,64 BTW INGESLUIT)
ANDER LANDE R18,86 (SONDER BELASTING)

HUISGENOOT

EKSKLUSIEF
Ryk se verloofde
Vir my is hy meer as 'n lyf – ons kan nie ophou gesels

DOLGELUKKIGE COETZEE-EGPAAR
Hy is 43 en sy 84!
'Ek het dadelik geweet sy's my maatjie'

Prinses Charlotte se doop
'N DAG WAT DIANA SOU LAAT GLIMLAG

7DE LAAN-AKTEUR SE LIEFDESPROKIE AAN SKERWE

Op TV raak Altus en Paula versoen, maar...
HEINO SE HUWELIK IN STORMWATERS



9 770016 708007 29944

[Bron: <www.huisgenoot.com> – Voorblad: 16 Julie 2015]